## 10 September - PYN

**Skrif- en Fokusgedeelte: Matteus 4:24; 8:6; 27:45-46; Openbaring 7:9-17**

Die pyn kreet in my, dit word my lewe, dit verstrengel my gedagtes en my gewaarwordinge, dit oorheers my.

Miskien loop dit in jou gemoed: my eggenoot is dood, ek ly aan kanker, of my kind is so ver. Só waar van my liggaam en van my gees, ja, my menswees. Dit teken die pad van my knieë voor my bed, by God.

Só kan elkeen ʼn kaart van sy of haar pyn teken. Dit is deel van menswees, dit is daar vandat die oomblik gekom het om met smart aan ʼn kind geboorte te gee. Die knelling wat die mens saam met sy ongehoorsaamheid verkry het. Al is dit rede om in jou hart vrees te bring, is dit deel van die lewe, is dit deel van die alledaagse, ten minste in ʼn mindere of meerdere mate.

Tog is pyn die pad van beproewing EN oorwinning. Beproewing aan die duskant van die graf, EN oorwinning aan die ander kant daarvan. Mergeling EN verlossing!

Só het die Joodse Raad ook vir Jesus met pyn in gees en liggaam bedien. Hoor jy en sien jy dit? Toe het hulle in sy aangesig gespuug (geestelike pyn) en Hom met die vuis geslaan (liggaamlike pyn) en ander het Hom met stokke geslaan en gesê: Profeteer vir ons, Christus! Wie is dit wat U geslaan het?

Pyn vra altyd na ʼn heenkome: na verdowing of behandeling, na ʼn oor om te verstaan. En toe Jesus in die noute gedruk is, kon Hy nie na mense of na sy Vader toe nie. Dus GEEN heenkome! Hy is verloën en verraai, geslaan en gestamp. HY, ALLEEN met sy leed ter wille van JOU! En daardie alleenheid, daardie alleenstryd bring redding, omdat niemand van ons DAARDIE dieptes van pyn na gees en liggaam ooit sal deurgaan nie.

Daar by God sal jy nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op jou val nie, want die Lam wat in die middel van die troon is, sal jou laat wei en jou na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van jou oë afvee.

*Sing: Psalm 6:1-3 (1936-beryming)* *Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)*